


Stop! Kyk! Luister!

Desember 2015

Meeste van julle het dalk soortgelyke tekens langs 'n spoorlyn of by 'n spoorrooegang gesien. Dit herinner jou om te STOP voor jy oor die kruising gaan, KYK in albei rigtings vir 'n aankomende trein en LUISTER vir die trein of vir sy fluit. Eers as jy dit alles gedoen het is dit veilig om die spoorlyn oor te steek.

As jy op 'n chemiese aanleg werk, moet jy tyd maak om te STOP, na die aanleg om jou te KYK, en na die aanleg te luister. Die aanleg stuur gereeld vir jou boodskappe oor sy status, maar kyk of luister jy daarna? Hier is 'n paar voorbeelde:

- ☐ 'n Operateur kyk na die wand van 'n tenk wat nie geïnsuleer is nie en dit lyk vir hom asof die wand van die tenk beweeg. Iets lyk nie reg nie. Hy het dit aan sy toesighouer gerapporteer en hulle het die tenk leeggemaak. Die binnekant was sleg gekorodeer en die wand was papierdun.
- ☐ 'n Elektrisiën loop deur die aanleg oppad om 'n taak te gaan dien. Oppad kyk hy na elektriese panele langs die pad en sien dat van die deure nie bohoorlik toe is nie. Hy maak hulle toe.
- ☐ 'n Operateur loop verby 'n opkoker hersirkulasie pomp van 'n distillasie kolom en hy hoor toe dat die pomp snaakse geluide maak. Toe hulle die pomp oopmaak kry hulle los stukke metaal in die pomp. Dit was deel van die kolom se pakking plate wat afgebreek het.
- ☐ 'n Ingenieur merk op dat daar 'n ongewone stofwolk en ge-akkumuleerde stof buite toerusting is wat vlambare stof in het. Daar was verskeie ontstekings bronne in die omgewing (elektriese toerusting en statiese elektrisiteit). Hulle het die toerusting gestop, die lek reggemaak en die stof wat gemors het skoongemaak, voordat die aanleg weer aangeskakel is.



© Image Copyright 2012 David P Howard and licensed for reuse under Creative Commons License.


Wat kan jy doen?

- ☐ Terwyl jy jou werk doen, kyk en luister na jou aanleg. Is daar enigiets wat anders lyk of klink? Is daar dinge wat jy sien of hoor wat ons moontlik moet ondersoek, maar mense het opgehou om hulle daarvoor te bekommer? Ons noem dit “normalisering van afwykings” – die aanvaarding van dinge wat verkeerd is as normal, en nie aksie te neem om dit reg te stel nie. Rapporteer alles wat nie normal klink of lyk nie en volg op dat dit aandag kry.
- ☐ Verander jou roete as jy deur die aanleg loop tydens roetine inspeksies, sodat jy na verskillende dinge kan kyk en luister waar jy nie normaalweg loop nie.

Hieronder is voorbeelde van potensiele veiligheids krississe wat jy dalk kan opmerk:




Die tenk lyk erg geroes!



Watse poel is daar op die vloer?



Is daar dalk 'n kraak in die pyp?



Drup daar iets uit die insulasie uit?

Note: Pictures are screen captures from United States Chemical Safety Board videos (www.csb.gov).

Mens kan baie sien deur net te kyk!

- Yogi Berra (Baseball Hall of Fame catcher, 1925-2015)

©AIChE 2015. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for any commercial purpose without express written consent of AIChE is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiiche.org or 646-495-1371.